

26 Oktober

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:7 – 3:10**  
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:7-8; 3:10**

### **Wederkoms en waarheid**

Die Christene van Tessalonika het geweet dat *iets* of *iemand* die wettelose mens se opmars teen God en sy kerk voorlopig sou terughou. Die Griekse teks identifiseer egter nie die *wat* of die *wie* baie duidelik nie en dit is sinloos om aandag aan al die teoretiese verklarings van die kwessie te gee.

Ons weet mos dat die antichris sal kom soos Jesus dit self voorspel het – met duiwelse magsvertoon en in moorddadige geweld sal hy op alle gelowiges afstorm.

Tog glo ons dat God sy skepsels met sy almagtige en alomteenwoordige krag onderhou en regeer. Wanneer Jesus weer kom, sal Hy Satan en sy makkers met die asem van sy mond en die glans van sy verskyning verdelg en vernietig.

Ten tye van die antichris se revolusie sal die getroue Here sy uitverkore mense teen die Bose bewaar en in sy genade aan hulle 'n blywende troos en 'n goeie hoop gee. Hulle kry 'n regte perspektief op die *oomblik* van sy wederkoms, dat dit werklik onverwags sal plaasvind.

Waarmee moet 'n gelowige intussen besig bly?

In Tessalonika het sommige mense weens hulle misplaaste datum vir 'n spoedige wederkoms in luiheid verval. Waarskynlik het hulle gemeen dat die woorde en dade van die een week vrugteloos sou wees as Jesus die volgende week sou kom. Daarom kon hulle die diens aan God afskeep. Dit mag nie, want wie nie werk nie, moet nie eet nie. Slegs bedrywige Christene kan Christus verwag, hulle wat elke dag swoeg en sweet tot eer van God.

*Sing: Psalm 84:5, 6*

*Ds. N Vorster (Emeritus)*